

6-syfergetalle

1 Tel in 1 000'e van 143 567 tot 152 567.

143 576;

_____;

_____; 152 576

2 Tel in 10 000'e van 143 567 tot 223 567.

143 567;

_____;

3 Tel elke keer 1 by die volgende getalle.

a $99 + 1 =$ _____

b $99\ 999 + 1 =$ _____

c $999\ 999 + 1 =$ _____

d $999\ 990 + 1 =$ _____

e $99\ 990 + 1 =$ _____

f $10\ 999 + 1 =$ _____

4 Kies die getal wat by elke getalnaam pas.

365 026

365 206

356 926

356 296

356 269

369 056

a Driehonderd ses-en-vyftig duisend, negehonderd ses-en-twintig: _____

b Driehonderd vyf-en-sestig duisend, ses-en-twintig: _____

c Driehonderd nege-en-sestig duisend, ses-en-vyftig: _____

d Driehonderd ses-en-vyftig duisend, tweehonderd ses-en-negentig: _____

5 Rond af tot die naaste duisend.

a 345 203: _____

b 450 611: _____

c 349 291: _____

d 199 401: _____

6 Skryf die getalle in dalende volgorde.

678 436

687 436

678 643

7 Skryf die oorspronklike getalle in vraag 5 in uitgebreide notasie.

a 345 203: _____

b 450 611: _____

c 349 291: _____

d 199 501: _____

8 Skryf die waarde van die syfer 4 in elke getal in vraag 5 neer.

a _____

b _____

c _____

d _____

Nog optelling en aftrekking: 6-syfergetalle

- 1 Bereken die verskil tussen die waardes van die syfer 3 in 328 534.

- 3 'n Huiseienaar laat sy huis se oorspronklike verkoopprys val met R15 349 en verkoop die huis vir R934 678. Wat was die oorspronklike prys van die huis?

- 5 'n Sekere land het 'n werkende bevolking van 763 789. Slegs 387 100 mense verdien meer as R10 000 per maand of meer. Hoeveel mense verdien minder as R10 000 per maand?

- 2 'n Motorhandelaar adverteer 'n nuwe motor vir R195 549. By dieselfde handelaar is daar 'n ouer model te koop vir R117 999. Bereken die verskil tussen die twee motors se pryse.

- 4 'n Lekkergoedfabriek verkoop 547 302 sjokoladestafies gedurende die vakansie, maar verkoop 312 009 minder suigstokkies. Hoeveel suigstokkies is verkoop?

- 6 Die munisipaliteit benodig R456 728 om paaie te herstel en R369 635 om waterpype te herstel. Wat is die totale bedrag wat hulle benodig?
